



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Christelike Onderwys- ideaal leef voort

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ❖ Christelike opvoeding
- ❖ Christelike Onderwys en
- ❖ Christelike Wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk” (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis”. . . (Sprenke 1:7).

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het” (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

Rigters 13:1-14

- Ds T Potgieter

Rigters 13:8: “Toe het Manoag tot die Here gebid: ‘Here, laat die man van God vir wie U gestuur het, asseblief weer na ons toe kom dat hy ons kan leer wat ons moet doen met die kind wat gebore sal word.’”

Inleiding:

Ons leef vandag in baie moeilike tye waarbinne ons ons kinders moet grootmaak:

- Neutrale onderwysstelsens (sosialisties eerder)
- Sedelike en morele verval in RSA
- Finansiële posisies van gesinne versleg
- Godsdienstige vervlak

Gedurende die tyd van Manoag is sy volk se lewe ook gekenmerk deur morele, sedelike en godsdienstige verval. Elkeen het gedoen wat goed was in sy eie oë (17:6; 21:25). Die Here neem egter nie die verantwoordelikhede van ouers in Manoag se tyd, en ook nie in ons tyd, weg nie.

1. Elke ouer het ’n persoonlike verantwoordelikheid:

Manoag se vrou kry die opdrag: “Jy moet jouself goed oppas en nie wyn of bier drink nie en ook nie iets onreins eet nie” (vers 4). Manoag se vrou moes heel eerste let op haar eie lewe. Die moeder dra mede-verantwoordelikheid vir haar kind se opvoeding. Sy moes voor sy geboorte al in die regte verhouding met die Here leef. Hoe sal kinders in elk geval leer by ’n ouer as ouers nie self die voorbeeld stel nie? As jy nie bid en kerk toe gaan en God lief het nie, hoe sal jou kind dit leer? Die tweede is dat ouers ’n gesamentlike verantwoordelikheid vir die opvoeding van kinders moet neem.

2. Ouers het ook gesamentlike verantwoordelikheid:

Net nadat die Engel van God met hierdie vrou persoonlik gepraat het, gaan sy na haar man toe en deel alles met hom. Dit is omdat hulle in ’n nuwe verhouding met mekaar geleef het en saam verantwoordelikheid vir hierdie kindjie wil aanvaar. Daarom sal pa’s veral in die tyd waarin ons lewe hulle verantwoordelikhede in die opvoeding van kinders moet aanvaar, saam met hulle vroue. Mans en vroue sal met mekaar moet praat en besin oor die opvoeding van hulle kinders. Die grootste verantwoordelikheid van ouers in die opvoeding van kinders is om saam na die Here te gaan.

3. Ouers moet saam na die Here toe gaan:

Dit is wat Manoag duidelik besef. Hy het geweet dat die grootmaak van kinders gepaard gaan met honderde vrae. Daarmee kan die beste Leer-

Vervolg op bl 2

IN HIERDIE UITGAWE

Boodskap.....	2
Koninkryk van God.....	3
Gesinskultuur.....	6
Evolusie in die skepping.....	8
Nasionale en privaatonderwys.....	11

Boodskap van die Voorsitter

Maak jou eie godsdiens – Christus en die evolusie van ongeloof


Prof. A.W.G. Raath

Ten tye van die krisis van die Tweede Wêreldoorlog skryf A. Gowans White 'n klein boekie met die opskrif: *Maak jou eie godsdiens* ("Make your own religion"). Die werke van White was bedoel om aan mense 'n alternatief vir die Christelike geloof te bied en 'n nuwe weg in die ontwikkeling (evolusie) van waardes in 'n tyd van moedeloosheid en verslaendheid van die moderne mens aan te bied. White se geskrif verskyn in 'n tyd waarin die jeug in die tradisioneel Christelike lande al hoe meer van die kerk en die gevestigde morele kultuur verwyderd geraak het. In die lig van die verwydering van ouers en kinders van die Christelike geloof, die toenemende kerksloosheid van die Christendom en die verwerping van bestaande Christelike waardes en beginsels, doen White 'n beroep op die mensdom om 'n eie unieke en nuwe godsdiens te ontwikkel. Dit het nodig geword, skryf hy, omdat daar 'n kennisontplofing oor die mens se herkoms en rol in die heelal plaasgevind het – nuwe inligting oor die struktuur van die melkweg, die oorsprong van die son, die herkoms van die planeete; die afkoeling van die aarde en die evolusionêre ontwikkeling van die kosmos (skepping); die vernouende onderskeid tussen die lewende en die lewelose komponente van die heelal; die kleinerwordende onderskeid tussen die mens (*Homo Sapiens*) en die diereryk, sodat die verskil byna verdwyn het, en die

uitwissing van talle grense wat op die beginsels van die Christelike godsdiens gebou was. White skryf dat die ontwikkeling van die mens soos in 'n rolprent teen stadige spoed verloop het vanaf die vroeë aapmense tot by die moderne mens. Evolusie, skryf White, is die sleutel tot alle lewensprosesse – dit verklaar hoe die Christendom uit vroeëre opvattinge ontstaan het; ook hoe die mens se morele en etiese waardesisteme ontwikkel het.

Op grond van die evolusionistiese ontwikkeling van die mens se waarde-opvattinge, kom White tot 'n aantal belangrike gevolgtrekkings oor die rol en waarde van die Christelike lewensooruiging dat:

- die idee dat die Christelike moraal beter as ander morele sisteme is, onwaar is;
- die Christelike lewensiening as 'n unieke, goddelike, afgeronde stel waardes vir die mens se handeling, 'n onrealistiese aanname is;
- Christelike moraliteit 'n verouderde sisteem is wat die vlak van evolusionistiese ontwikkeling van tweeduizend jaar gelede weerpieël;
- die Christendom nie daarop aanspraak kan maak dat dit moreel verheer is bo die denksisteme van die "goeie heidene", die opvattinge van antieke Griekeland, Rome, Konfusie, Boeddhisme, Zoroasterianisme en ander nie-christelike sisteme nie;
- morele waardes nie 'n ideaal of 'n kode van goddelike oorsprong



is nie, maar 'n bloot menslike produk wat van tyd tot tyd verander en hoofsaaklik geografies gebonde is;

- die wortels van moraliteit en etiek in die dierewêreld te vinde is, waarvandaan die mens ontwikkel het;
- die mens hoofsaaklik deur sy instinkte gelei word;
- elke mens sy eie etiese en morele "kode" moet opstel by die behoeftes van sy/haar eie ervaring en dat dit nie gesoek moet word in 'n bevel buite die mens, van God, uit die Bybel of in 'n vaste opvatting oor morele waardes nie.
- die mens as die "bouer" van sy eie godsdiens moet sy ervaring kry uit die ervaring van die wêreld waarin hy leef; en
- die mens moet hom/haar oorgee aan die kosmiese "geloofsgevoel" wat die heelal deurdrenk en daaruit sy eie morele riglyne haal.

Sedert White se boekie die lig gesien het, het die gedagtes daarin, hoewel revolusionêr vir daardie tyd, nou die mode geword. Elke mens se

Vervolg op bl 3



Die VCHO gedenkblad kan nou bestel word. Kyl bl. 14.

Vervolg van bl 1

meester, God Self, hom begelei op die opvoedingspad. Hy weet hierdie kindjie is eintlik God se eiendom wat net aan hulle geleen is vir 'n tydjie en weer aan God teruggegee sal moet word. Daarom kan God alleen sê hoe Hy wil hê sy kinders grootgemaak moet word en hoe hierdie kindjie hom moet gedra en leef. Manoag en sy vrou het besef dat hierdie kindjie in 'n vreeslike wêreld en tyd en lewe blootgestel is, en dat God hom alleen onder al hierdie versoekings kan vashou. Daarom bid hy so kragtig dat die Here hulle moet leer hoe om

hierdie kindjie op te voed. Wat opval is dat Engel hier met 'n hoofletter geskryf word. Dit is die Ou-Testamentiese verwysing na Jesus Christus. Manoag en sy vrou het besef dat hulle kind sonder God se genade nie kan oorleef nie. Maar ek en jy weet veel meer as Manoag en sy vrou; ons weet dat ons ons kinders nie kan opvoed buite die verlossings en versoeningswerk van Christus om nie.

Slot:

Daarom is Christus onontbeerlik en Christelike onderwys onontbeerlik as ons ons kinders vir die Here wil grootmaak.

Vervolg van bl 2

eie gevoel van “verdraagsaamheid”, vir behoorlikheid, vir sy/haar eie interpretasie van wat goed, reg, aanvaarbaar en geldig is, vier hoogty. Opvatting oor seks, geweld, pornografie, dwelms, taalgebruik, gesag en finansies het nou deel van elke persoon se self-geboude sisteem van wat reg en verkeerd is, geword. Skaamteloos word advertensies oor aborsie, “nipple caps & G string”-vertonings; sekswinkels en sekspeelgoed; verkondiging van evolusionisme in skoolleerplanne en skoolhandboeke, aangebied volgens die gesag waarmee elkeen vir hom/haarself bepaal wat sy/haar eie genotsug bevredig. Die evolusionisme van morele waardes het ’n laagtepunt bereik waarvolgens die mens se eie behoeftes en ook sy/haar genotsug en waardesisteme pasmaak en klaar volgens die behoeftes van die tyd toegepas en uitgeleef word. Saam met die toenemende evolusionêre ontwikkeling van die mens se moraliteit en selfgemaakte godsdiens, beleef ons die verval van morele en etiese begin-

sels; die ineenstorting van gesondheidstelsels deur MIV-VIGS; die disintegrasie van geregtigheid in die regsorde; geweldstoepassing en minagting van lewe; skending van kinders en bejaardes – die produkte van die evolusionêre ontwikkeling op weg na die “utopie” van die selfgemaakte godsdiens wat die verwoeste lewens van miljoene mense in sy spoor agterlaat.

Dit is in hierdie verval en moreel disintegreerende wêreld van morele en etiese evolusionisme waarin nie die kosmiese geeste van die tyd redding en verlossing bewerkstelling vir hulle wat die slagoffers van die gees van die tyd geword het nie, maar waarin die Gees van God redding bring. In Romeine 8:11 skryf Paulus: En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur Sy Gees wat in julle woon. Van die Here Jesus sê Johannes: In Hom was die lewe, en die lewe was die lig van die mense (Johannes 1:4). Die lewendmakende

Gees neem die heilsboodskap uit Christus en verkondig dit aan ons. So word die Christuslewe binnegedra waar die Gees Sy intrek in ons hart neem. Die herskeppende werk deur die Heilige Gees is die vrug van die versoening aan die kruis. Maar die deelgenootskap aan en wandel ooreenkomstig hierdie nuwe lewe het ons te danke aan die opstanding van Jesus Christus uit die graf. Hierdie opstandingslewe word ons deel deurdat die Heilige Gees in ons hart kom woon: *Al vergaan die uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe* (2 Kor. 4:16). Ook ons sterflike liggame word deur die Gees weer lewend gemaak. Daardie heerlike troos het ons, geskape na die beeld van God, dat, terwyl hulle wat die uitsigloosheid van selfgemaakte godsdiens self ervaar het en in die moeras van etiese en morele verval deur hul selfgemaakte godsdiens ingesuij word, ons die heerlike herskeppende krag en vernuwung na die beeld van die Verlosser, deur die werking van die Gees, elke dag kan beleef, deur die evangelie van Christus met blydskap te omhels. 

Die Koninkryk van God (Deel2)

Ds DJ Hoffman



Vanuit die gemeente moet elke gelowige die Koninkryk uitdra in die wêreld

Deur naas die Kerk ook die Koninkryk te sien en te dien, word die gemeente gehelp om nie deur “na binne gerigtheid” soos die Dooie See te word nie. Die lidmate van die Kerk is ook die burgers van die Koninkryk. Hulle moet aangemoedig word om hulle amp as gelowiges (profeet, priester en koning) binne en buite die Kerk uit te leef. Die talente wat deur

God aan elkeen gegee is moet gebruik word in Kerk en Koninkryksdiens. Dit is God se wêreld en mag nie oorgelaat word aan ongelowiges nie. Waar die Skrif sê: ons moet nie die wêreld liefhê nie, word bedoel die sondige praktyke in die wêreld. Ons moet juis teen hierdie praktyke getuig en so die Lig van Gods Woord daarvoor laat skyn.

Prof H Bavinck skrywe soos volg in *De zekerheid des geloofs* (p 137): “Een Christenmens heeft zijn steunpunt in de belofte van Genade in Christus gevonden. Vast ligt de fondament zijner hope, want het ligt buiten hem, ion de Woord Gods, wat nimmer sal wankelen. Hy is een kind Gods op grond van de belofte des Heeren. Daarvan verzekert kan hy vry rondom hom sien en onbevangen genieten van alle goede gaven die er afdaalt van die Vader der Lichten. De ganse wêreld word materiaal voor zijn plicht. In de gemeenschap met God, sterkt hy zich tot den kracht die tot trouwe vervulling der aardse roeping instaat stelt en heel het leven stempelt tot ene diens van God. Het Koninkryk Gods is wel een kosbaar parel gelyk

tegen welke waarde de gansche wêreld niet opweegt, maar is ook gelyk aan een zuurdesem, die het gansche deeg doorzuurt. Het geloof is de weg der zaligheid niet slecths. Het is ook de overwinning der wêreld.”

Elke gelowige is kragtens sy amp as Christen-gelowige profeet, priester en koning in Koninkryksdiens

Die Heidelbergse Kategismus vra in Vraag 32: “Waarom word jy ’n Christen genoem? Antwoord: “Omdat ek deur die geloof ’n lid van Christus is en daardeur deel het aan Sy salwing, sodat ek sy Naam kan bely (profeties), myself as ’n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (as priester) en in hierdie lewe met ’n vrye gewete teen die duiwel kan stry en teen die sonde (koninklik).”

Die Heilige Gees is uitgestort in die hart van alle gelowiges. Dit is Hy wat hulle wederbaar het en Hy skenk aan hulle die genade en krag om die amp te beoefen. Die gelowige moet in biddende afhanklikheid van

Vervolg op bl 4

Vervolg van bl 3

Christus werk, want in Christus is hy meer as oorwinnaar, omdat Christus reeds die oorwinning behaal het oor satan, sonde en dood.

John Bright skrywe soos volg in *The Kingdom of God* (p 273): "He who walks the path of faith will not walk in darkness. Because in faith he has said yes to the calling of Christ, he will understand the New Testament mystery that: 'The Kingdom of God is at hand'. The future Victory has become to him present fact. In the light of that assurance he will labour, performing those tasks which are set before him in the confidence that he does not labour in vain; for there sound in his ears the words of the Lord of Victory: 'Lo, I am with you always, even to the end of the age.'"

Ook die barmhartigheidswerk van die Kerk moet gerig wees op die Koninkryk

Waar ons geroep is om in Koninkryksdiens uit te reik na armes en behoeftiges, moet ons hulp eerstens geestelik vanuit die Woord wees. Daarmee saam moet ook hulp gegee word in tydelike behoeftes. Dit moet steeds Koninkryksgerig wees. Deur die aksent op bevryding van armoede of verdrukking te lê om só hulle menswaardigheid te probeer herstel, sal hulle nie bevry van selfsug, eersug en magslus nie. Hulle moet eerstens gehelp word om Christus te leer ken as Verlosser van sonde. Hy was self arm en het in die gestalte van 'n dienskneg sy Verlossingswerk gedoen tot aan die Kruis. Hy benadruk dat ons eerste van alles die Koninkryk van God en die wil van God moet soek. So sal hulle nie net bevry word van armoede nie maar van die slawerny van sonde om self profete, priesters en konings vir God te word. Dit is eers as die mens self as begenadigde ingaan in die Koninkryk dat jy vry raak om te begin dien (Gal 5 & 6).

Christus was en is as Lydende Kneg van God die beloofde Messias

Die Nuwe Testament verkondig met groot sekerheid dat die hoop van Israel geleë is in Christus, omdat Hy die beloofde Messias is. Christus het dit ook van die begin van Sy aktiewe bediening verkondig. Die Jode het Hom egter nie erken of ontvang as Messias nie, omdat Hy nie voldoen het aan die populêre Joodse verwagtings nie. Christus het inder-

daad nie gekom om, as Messias, die staat Israel te herstel en vir Dawid as Koning op te volg nie. Hy het gekom as die Lydende Kneg (Dienaar) van Jahweh. Die Evangelie-boodskap van die Koninkryk is dat die Koninkryk inderdaad in Christus gekom het. Daarom gebruik die Nuwe Testament die teenwoordige tyd in plaas van die toekomstige tyd van die Ou Testament (bv. Luk. 17). Die Jode het nooit die "Kneg" (dienaar) as 'n Messiaanse figuur verstaan nie (Jes 42, 53). Jesus Christus het as die Messias gekom om as die Lydende Kneg van God deur sy lyding en dood aan die Kruis en sy opstanding die Verlosser te wees, wat verlos van sonde. Volgens Gods Woord is daar geen ander Verlosser nie. **Toegang tot die Koninkryk is deur Hom alleen. Hy roep sondaars tot bekering en belowe aan elkeen wat in Hom glo as Verlosser vergifnis van sonde en die ewige lewe (Joh 3:16). Rykdom, eer en uitwendige grootheid is geen vereistes vir toegang tot die Koninkryk nie, maar elkeen wat dors is word geroep om die water van die lewe te drink, sonder enige verdienste verniet, want Christus het alles betaal deur sy bloed. Hierdie Koninkryk het as Leier en Koning die "Een" wat gewillig was om laaste te wees en in die gestalte van 'n dienskneg, gehoorsaam was tot aan die Kruis, om só ons sonde op Hom te neem, ons skuld te betaal en "die straf wat vir ons vrede moes bring", te dra. Geen vlees kan voor Hom roem nie, want Hy het alles volbring, sodat die kinders van die Koninkryk net uit genade en net deur geloof in Hom gered word. *Sola fidei, sola gratia, soli Deo gloria.***

Die Koninkryk gaan nie oor 'n nuwe wêreld nie, maar oor Jesus Christus

Hy is die Seun van God wat deur God die Vader gestuur is om, as die beloofde Messias, sondaar-mense te red van sonde. Hy verlos hulle van die skuld en mag van sonde en maak hulle weer beeldraer en kinders van God. Hy het reeds alles volbring deur sy plaasvervangende lyding en dood aan die Kruis, sodat sondaars deur Hom as Middelaar, met vrymoedigheid na die heiligdom van God se teenwoordigheid mag gaan om God te aanbid, sonde te bely en God te dank. Hy leer die kinders van die Koninkryk om Hom te volg op die weg van selfverloëning en maak hulle diensbaar in die

Koninkryk. Dit gaan in die Koninkryk nie oor wie die grootste is nie, maar oor liefdesdiens. Die wet van die Koninkryk is die wet van liefde, eerstens tot God met die hele hart, verstand en siel en ook tot jou naaste, want God is liefde. Dit is uit liefde dat God sy eniggebore Seun gestuur het na die wêreld en uit liefde was die Seun gehoorsaam tot aan die Kruis. Die Heilige Gees werk hierdie "agape" liefde in die harte van die Koninkrykskinders, sodat hulle, uit liefde, diensbaar kan wees. So bevry Christus die gelowige sondaar om die Koninkryk van God eerste te kan stel in sy hele lewe en om vreugde te vind in Koninkryksdiens, tot eer van God, op alle lewens-terreine. Hierdie diens uit liefde en dankbaarheid is nie uit vrees en ter wille van loon nie. Die linkerhand weet dikwels nie wat die regterhand vir God en sy naaste doen nie, want saam met Simon Petrus kan hy (en ons) sê: "U weet, Here, dat ek U liefhet".

"Soos die Vader My gestuur het, stuur EK julle ook" (Joh 20:21)

Hy wat ons leer bid het: "Laat U Koninkryk kom", Hy sê ook aan ons: "Die oes is groot en die arbeiders min. Bid dan die Here, aan wie die oes behoort om arbeiders uit te stuur vir sy oes." (Matt. 9:38) Soos die Here Jesus sy hande en sy voete aan sy dissipels getoon het en hulle toe uitgestuur het om dissipels van al die nasies te maak, só toon Hy homself aan ons as die gekruisigde met die opdrag: "Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook."

"U Seun word mens, in ons gebroke wêreld

Kom vestig Hy sy Koningsheerskappy.

Hy maak weer heel wat sonde hier gebreek het.

Hy bring weer hoop en redding - ook vir my.

Dan moet ek juig, my Redder en my God!

Hoe groot is U! Hoe groot is U!
Want deur die hele Skepping klink dit saam:

Hoe heerlik, Heer, U grote Naam!

U maak ons deel van al U grootse werke.

U laat ons bid, Heer, dat U Ryk mag kom.

En kom U weer in heerlijkheid op wolke,

maak U volkome nuut U eiendom."



Samevatting van die Referate gelewer by die VCHO-kongres te Witfield op Saterdag 21 Augustus 2004

Dr Sampie van Vuuren



Onderwerp en sprekers

Die tema van die konferensie was 'n baie belangrike een, soos die onderskeie sprekers ook beklemtoon het. Daar is saam gedink en gepraat oor die Afrikaner-huisgesin en die heidendom. Ds T Danzuss het 'n oorsigtelike perspektief gegee oor die gereformeerde huisgesin en die heersende krisis in die samelewing. Dr I Horn het aan die moeders die vraag gestel: hoe voed u u gesinne op tot Christelike moraliteit? Waarop dr Jannie Malan aan die vaders die vraag gestel het: hoe begelei u u gesinne in die aangesig van die bedreiging? Sarel van der Merwe het die gesinskrisis uitgebeeld met 'n video waarin veral die krisis in die seksualiteit van die Afrikaner-Christen hanteer is. Twee jong Afrikaner-Christene het hulle siening gegee van hoe ouers hulle kinders behoort op te voed tot huweliksmaats wat in gesonde verhoudings lewe.

Dit is onmoontlik om 'n samevatting te gee van al die gedagteprikkelende referate waarin die gereformeerde denke oor die onderwerp so duidelik uitgestippel is. Daarom word die grondliggende gedagtes kortliks aangegee onder drie afdelings, t.w. die invloed van die tydsgees, die gevolge daarvan op die gesinslewe en oplossings in die lig van die Skrif.

1. Die invloed van die tydsgees

- 1.1 Dit is kenmerkend van die gees van ons tyd om die wetenskap en die Heilige Skrif as teenstrydig teenoor mekaar te stel, terwyl die wetenskap eintlik die geloof in die Skrif behoort te versterk.
- 1.2 Die humanistiese wetenskap het die Skrif uit die samelewing uitgefaseer.
- 1.3 Die mensdom het as gevolg daarvan verval in verwaandheid, waarvan 'n baie positiewe mens-

beskouing en 'n negatiewe Godsbeskouing kenmerkend geword het.

- 1.4 Kenmerkend van die tydsgees is die aftakeling van gesag en die gepaardgaande onderlinge respek wat deur God gebied word.
 - 1.5 Daar bestaan 'n rolverwarring by die mense van vandag oor die rol van die vader en die moeder in die gesin. Kinders het nie meer die gesagvolle liefde van die vader en die vertroetelende liefde van die moeder, soos die Skrif dit beveel nie, omdat in baie gesinne die vader, en in ander beide die vader en moeder afwesig is.
 - 1.6 Die norme word deur die wetenskap en die media so afgetakel dat daar min vaste norme oorgebly het in die samelewing, en selfs in die kerk. Dit is die noodwendige resultaat van 'n samelewing wat oorheers word deur instansies wat nie 'n normerende taak het nie, soos die wetenskap.
 - 1.7 In baie gesinne het 'n onbybelse siening van huwelik en gesin kinders in 'n ongeloofsleefstyl gedwing.
 - 1.8 Die inkonsekwentheid tussen die woorde en leefwyse van ouers het tot gevolg 'n vertrouensbreuk tussen kinders en ouers wat daartoe lei dat hulle Bybelse waardes verwerp.
- ## 2. Die gevolg daarvan op die gesinslewe
- Slegs enkele voor die handliggende gevolge word aangedui:
- 2.1 Daar het in die samelewing 'n *slagoffersindroom* ontstaan. Die mens is nie meer verantwoordelik vir sy dade nie, maar is 'n slagoffer van sy omstandighede.
 - 2.2 Die onsekerheid en verwardheid oor God en die mens self lei tot lewensangs wat weer lei tot 'n soeke na vastigheid; egter nie in die God van die Bybel nie, maar in materialisme en hebsug. Op sy beste bied dit 'n wankelrige vastigheid.
 - 2.3 Die tydsgees wat deur die mens en sy humanistiese wetenskap

en tegnologie geskep is, lei tot die verbrokkeling van die hegte bande wat kenmerkend is van die Bybelse verbondsgesin.

- 2.4 Die verwerping van die gesag van die Woord van God het gelei tot 'n uiters verskraalde omgang met die God van die Woord en die verval van die godsvrug by kerkmense.
- 2.5 Die verval van die Skrifgefundeerde moraliteit moet noodwendig lei tot allerlei uitwasse en siektes van beide liggaam en gees. Een van die mees voor die handliggende voorbeelde is die seksuele losbandigheid en die gepaardgaande MIV-VIGS pandemie.
- 2.6 Die verval van Bybelse norme het skeefgegroeide mense tot gevolg, vir wie die abnormale genormaliseer is, byvoorbeeld op die belangrike terrein van menslike seksualiteit.

3. Gedagtes oor oplossings

Die tydsgees stel aan die verbondsgemeenskap die uitdaging om die beginsels wat God in sy woord beveel het te internaliseer, sodat hy dit met krag kan propageer en uitleef. Enkele beginsels waarop gefokus is, word hier beklemtoon.

- 3.1 God se Woord is onvervangbaar, én ontoetsbaar deur die tegnieke van wetenskap en tegnologie. Die Skrif is ons enigste onfeilbare bron van norme en waardes.
- 3.2 Ouers is God se span vir die opvoeding van sy verbondskinders en moet as span optree.
- 3.3 Die Verbondsgod het doelgerig die beste rolverdeling tussen verbondsouers vasgestel. Die gemeenskap wat daardie rolverdeling verwerp, dompel homself in wanorde.
- 3.4 Wie oor die huisgesin wil besin, moet begin waar God Self begin het, naamlik by sy bedoeling met die huwelik en die gesin. Wanneer ons dáár begin, vind ons 'n huis wat op rots gebou is en nie op sand nie, soos Jesus belowe het.
- 3.5 Die verbondsouer moet sy opvoedingstyl aanpas by omstan-

Vervolg op bl 7

Handhawing van 'n gesinskultuur in 'n eietydse samelewing

Prof Niel van Loggerenberg.



Dit het al byna spreekwoordelik geword om oor die “andersheid” van die wêreld van vandag en die besondere eise wat die “moderne tyd” aan die mens en aldus aan die opvoeding stel, te praat. Byvoeglike naamwoorde kan vermenigvuldig word om die “andersheid” van die hedendaagse tydsgewrig te kwalifiseer. Dit wissel van postmodern, liberaal, verlig, demokraties, bevry, permissief, humanisties, pragmaties tot modern, eietyds en hedendaags. Daar is diegene wat van hierdie “andersheid” niks wil weet nie en krampagtig bly vaslou aan die wêreld van eergister. Alles wat dui op verandering word summier verwerp. 'n Lofrede oor die “goeie oue tyd” en die “tradisionele opvoeding” is dikwels die enigste reaksie op die vraag hoe “die mense van gister”, die kind in die wêreld van vandag vir die steeds veranderende wêreld van môre gereed wil maak.

Elke nuwe dag wat betree word is 'n stap verder in 'n nuwe wereld wat teen 'n versnelde tempo daagliks besig is om 'n groter werklikheid te word. Soms word die mens hiervan met 'n skok bewus soos by die aanhoor van Groote Schuur se eerste hartoorplantingsoperasie en Armstrong se woorde dat hy sy voet op die bodem van die maan neergeplaas het.

Maar namate die tegnologie en die wetenskap se prestasies vermeerder en die ruimtenavorsingsprogram volgens plan verloop, raak 'n mens al hoe minder bewus van die nuwe wêreld, wat alhoewel in baie gevalle as't ware geruisloos in aantog is,

dag na dag besig is om in vervulling te gaan.

Die vraag ontstaan watter standpunt die Verbondsouer van Christelike huis uit teenoor die nuwe wêreld met sy karakteristieke eietydse tydsgees moet inneem. Kortom gestel, is daar drie moontlike weë wat deur ouers gevolg kan word. Eerstens kan die ouer sy oë en ore willens en wetens vir die moderne tydsgees sluit in 'n poging om daarby te probeer verbygaan. Die ander en presies teenoorgestelde alternatief is dat hy volkome deel van die moderne tydsgees word en as't ware daarin opgaan. Die derde moontlikheid is optrede in die wete dat om daarby te probeer verbygaan, nie meer moontlik is nie en om daarin te probeer opgaan, nie mag en kan geskied sonder die prysgawe van talle kosbaarhede en onvervangbare kleinode nie.

Die ouer en kind wat by die komtemporêre situasie probeer verbyleef, het geen toekoms nie. En die ironie van die saak is dat die ouer juis sy kind se toekoms wou red deur die hede te ignoreer. Wat meer is, die halstarrige weiering van die ouer geslag om te besef dat die huidige tydsgewrig aanpassing verg, vervreem die huidige en opkomende geslag van juis daardie dinge waarvoor die opkomende geslag op 'n taktvolle wyse voorberei moet word om as hul eie te aanvaar en dit aldus te vertroetel en te bewaar. Ewe moontlik is dit vir die Verbondsouer om deur die aanpassing so daarin op te gaan dat daar van die Verbondopvoeding kwalik sprake kan wees en aldus óók die toekoms van die Verbondskind te “verloor”.

Dit is wanneer die ouer die ideaal van eietydsheid, van begrip en toeganklikheid, en van openheid vir die kommunikasie met die leefwêreld van vandag só op die spits dryf dat die tydsgees uiteindelik die beslissende faktor in die bepaling van jou lewens- en wêreldbeskouing word. Dan is dit nie meer die Christelike beginsels wat die uitgange van die lewe bepaal nie, maar die etiek van die situasie wat voorskryf wat gedoen moet word.

Ouers wat kla oor die verval van lewenswaardes in die gemeenskap moet dalk 'n bietjie selfondersoek doen. Veranderings in Suid-Afrika en wêreldwyd, asook moderne benaderings tot opvoeding speel 'n groot rol.

So is daar baie veranderings in die S.A. skolestelsel en die einde van die pad is nog nie bereik nie.

Uitkomstgerigte onderrig het leerders, wat steeds moet aanpas by by groterwordende klasse, tesame met ander kulture en godsdienste, onder dieselfde dak.

Onderwysers dra 'n al hoe groter las. Matriekuitslae word steeds belangriker en dit word al hoe meer van hulle verwag om naas vakkennis ook nog lewensvaardighede by die leerders te vestig deur deurentyd lewenswaardes onderliggend aan aanvaarbare gedrag te vergestalt.

Ouers wat kla oor die gebrek aan 'n waardestelsel by skole moenie vergeet dat die etos in 'n skool die etos van die gesinne weerspieël nie. Ouers met 'n meer liberale benadering tot opvoeding wat glo dat kinders absolute vryheid moet hê en nie aan bande gelê mag word nie uit vrees dat die kind se kreatiewe gees onderdruk sal word, moenie verbaas wees oor die toenemende getal leerders ook by spogskole – wat met die gereg bots nie.


Families is besig om alhoemer te verbrokkel. Die Verbondsgesin veg om oorlewing binne gemeenskappe wat die “ou” waardestelsel verruil vir 'n waardestelsel gegrond op permissiwiteit sodat alhoemer dinge soos saamwoning, “ouers” van dieselfde geslag, as toelaatbaar en aanvaarbaar geag word.

Enkelouers en gesinne waar beide ouers werk – meestal daartoe verplig om ekonomiese oorlewing, kom na 'n lang dag huis toe en is dikwels moeg en oorspanne met skaars genoeg energie om aandag te gee aan wat gedurende die skooldag met die kinders gebeur het en dalk nog te moet help met werkopdragte van die onderwyser. Om dan nog met gedragsprobleme te moet worstel, word

Vervolg op bl 7

Vervolg van bl 5

- dighede, maar word nie deur omstandighede verswelg nie. Daarom luister hy na sy kind en ken die kind se stryd in die moderne samelewing.
- 3.6 Niks hoegenaamd kan die Godgewilde liefde in die verbondsgesin vervang nie. Dit beteken beide liefde vir God en die daarmee samehangende liefde vir mekaar.
 - 3.7 Volgens die Bybel is dissipline nie straf nie, maar korreksie.
 - 3.8 Elke ouer moet weet dat hy/sy 'n basiese amp beklee en vir die uitvoering van daardie amp rekenskap sal moet gee by die Een wat hom/haar in die amp aangestel het.
 - 3.9 Die verhoudings in die gesin tot God en mekaar is 'n belangrike bepalende faktor vir die vorming van die kind se verhoudingsvaardighede.
 - 3.10 Ouers moet nie onduidelike seine uitstuur oor die wat en die hoe van die lewe in Christus nie.
 - 3.11 Jesus Christus het gekom sodat die mens die oorwinningslewe moet beleef. In die innige verbondenheid met Hom word daardie lewe 'n werklikheid.
 - 3.12 Die VCHO moet hierdie onderwerp verder uitwerk en so wyd as moontlik uitdra.

Die konferensie kan as hoogs geslaagd beskou word en dit het geen onduidelike boodskap uitgestuur nie. 

Vervolg van bl 6

by tye te veel vir vlees en bloed en kinders word maar laat begaan.

Die meeste ouers verlang dat hul kinders goed op skool sal vorder, later een of ander vorm van naschoolse onderrig sal ontvang, sodat hulle 'n werk sal hê en as volwassenes op eie bene sal kan staan.

Om dit te kan bereik, moet die ouers die reëls van die samelewing respekteer en hul kinders daarin opvoed.

Reëls gegrond op die basiese (Christelike) lewenswaardes van 'n geordende en gelukkige samelewing word nooit as beperkings deur volwassenes ervaar nie. Dit is ook waar vir reëls wat in die ouerhuis en op skool geld. Dit gee aan die kind 'n gevoel van veiligheid en stabiliteit want die kind weet wat van hom verwag word.

Daarom moet ouers konsekwent wees in die toepassing daarvan. Dit beteken nie onbuigsaamheid nie. Onderhandeling oor die toepassing daarvan is ook nie uitgesluit nie solank die ouer as gesagsfiguur in beheer bly.

Verbondsouers moet die werklikheid van 'n veranderde samelewing en die invloed daarvan op die gesinslewe aanvaar sonder om op te hou om voort te gaan om met ywer hul kinders goeie gewoontes en verantwoordelike gedrag ooreenkomstig die Christelike etiek te leer.

Die uitdaging waarvoor die Christen Verbondsouer in 2004 in 'n feller mate te staan sal kom, is om ener syds nie so by die tydsgees verby te lewe asof hy daarmee hoegenaamds niks te doen het nie, en andersyds ook nie só daarby betrokke te wees dat hy daarin volkome opgaan en aldus sy eie identiteit verloor nie. Om die moderne leefwêreld eenvoudig te ignoreer en te maak asof daar niks in die wêreld verander het nie of om geen weerstand te bied nie en eenvoudig daardeur verswelg te word is om die weg van die minste moeite te volg, maar ook die weg van onveranderlike optrede wat by die Christenouer wat getrou aan sy roeping probeer wees, nie pas nie.

Die jaar 2004 word deur baie instansies as gesinsjaar gehuldig.

Mag die projek daartoe bydra om die Verbondsouer te help om midde in die moderne leefwêreld gestalte aan sy Christelike lewensbeskouing te gee, sonder om daarmee die wese van die lewensbeskouing te verander. Dit is kortom 'n kwessie van inpassing in die moderne leefwêreld sonder om ontrou te word aan die karakteristieke beginsels van die Verbondsovoeding.

Prof van Loggerenberg is nog steeds aktief betrokke in onderwys, alhoewel hy reeds etlike jare gelede geëmeriteer het as professor aan, en dekaan van die Departement Opvoedkunde aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat – Red.

Drogredenasies, en ander sulke gedrogte

(Deel 1)

- **Connie Bester.**

"Mense" sê dat ons, Christene, die mees onverdraagsame mense is wat andere wat van ons verskil, veroordeel en verontreg. [Daarby word met groot waardering en bewondering verwys na die "wonderlike liefde en respek" wat opbruis uit Oosterse godsdienste en filosofieë].

'n Miernes van lewens- en wanvoorstellings lê hierdie "persepsie" ten grondslag.

Eerstens, en grondliggend is dit 'n feit dat die Christendom staan op die absolute gesag van God se Woord soos in die Bybel opgeteken en weer-gegee is.

Tweedens is die Christendom nie gebou op menslike opinies, opsies, filosofieë en ideologieë nie – soos baie ander "godsdienste" wel is nie – maar op hierdie Woord van God alleen!


Derdens het geen Christen die reg om af te wyk van die Bybel se volle leer nie. Sy eie lewe – en alle mense op aarde se lewe – staan voor die onderskeidende en skeidende Woord van God in sondige naaktheid.

Vierdens het elke Christen die Goddelike opdrag om hierdie feite gedurig as getuies te dra teenoor alle mense.

Vyfdens het elke mens volle vryheid om te kies – maar ook volle verantwoordelikheid om sy keuse voor die enigste lewende God te verant-

woord! Wat die sondaar, rebel en opstandeling dus ookal besluit, is ten volle verantwoordbaar teenoor sy Skepper en Versorger. Christene het die Bybelse opdrag om dit tydig en ontydig te verkondig "sodat diegene wat hulle nie tot God bekeer nie, geen verweer van onkunde sal hê nie."

Winston Churchill, die Britse Eerste Minister van vroeër, het eenmaal gesê: "Ek is altyd bereid om te leer, maar ek hou nie altyd daarvan om geleer te word nie." So is mense ook wat skuil agter hierdie drogpersepsie: hulle probeer hulle gebroke verhouding met die Lewende God wegsteek agter beskuldigings van die Christene wat gehoorsaam moet wees aan die Skrif.

Laat dit u nie ook dink aan die kind wat al skreeuende en protesterende weier om die enigste medisyne te drink wat sy siekte sal genees nie? 

'Evolusie in die skepping' – 'n riglyn vir die klaskamer

- Prof J L (Hannes) van der Walt

(Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)



Inleidende opmerkings

Die kwessie van 'evolusie' is 'n tema wat elke nou in dan in veral drie wetenskappe opduik: die natuurwetenskappe (fisiese, biologiese, geologiese ensovoorts: Waar kom alles vandaan? Wat is die oorsprong van die mens?), die teologie (omdat dit onder meer te doen het met God se openbaring van Homself en sy wil aan die mens) en die opvoedkunde (omdat die evolusieleer byna altyd in die voorgeskrewe inhoud vir die skole voorkom, soos ook nou in die Hersiene Kurrikulumstellings vir grade R-9 en 10-12 (2002) in Suid-Afrika). Die gesprek tussen hierdie drie wetenskapsvelde oor die aanvaarbaarheid van die evolusieleer word bemoeilik omdat die beoefenaars van die wetenskappe meestal net gespesialiseerde kennis op een van die terreine het, en nie op die ander twee nie. Die opvoedkundige het belang by die onderwerp aangesien hy of sy wil verseker dat die kinders van die land *deeglike onderwys* van goeie gehalte ontvang, en dus blootgestel sal word aan alle 'soorte' leerinhoud. Opvoedkundiges was om hierdie rede van die eerstes om te protesteer toe die staat Georgia (VSA) onlangs besluit het om, weens die aanhang van die kreasionisme deur die betrokke onderwysowerheid, alles wat net vaagweg 'ruik' na evolusie(ler) en 'n groter ouderdom van die aarde as 7 000 jaar, uit die voorgeskrewe leerinhoud uit te laat. Die opvoedkundiges se argument was onder

meer dat die kinders in hierdie staat swak voorberei word as toekomstige (natuur)wetenskaplikes en ook vir hulle lewe as grootmense.

Uit 'n prinsipiële-opvoedkundige hoek word aanvaar dat kinders *enigiets* behoort te leer en te bemeester mits dit vanuit die regte lewensbeskoulike en godsdienstige perspektief gedoen word. Dit is opvoedkundig verkeerd om leerders van sekere leerinhoud af te skerm. Om na die tema van die evolusieleer terug te keer: om goed opgevoede mense van die toekoms te kan word, moet leerders ook met evolusie in die skepping en selfs evolusionisme te doen kry – op voorwaarde dat die leerinhoud vanuit die regte lewensbeskoulike en godsdienstige perspektief aan hulle bekend gestel word. (Dit is juis waarom handboeke en goed opgeleide onderwysers so 'n belangrike rol in die onderrig speel.)

Die kern van die probleem

Die opvoedkundige wat so wyd as moontlik probeer studie maak van die evolusieverskynsel in die konteks van sy eie wetenskap sowel as in die konteks van die natuurwetenskappe, die filosofie en die teologie, kan nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat die meeste denkers en skrywers oor die evolusieverskynsel neig om hulle aan een van twee vorme van 'oorvraging' skuldig te maak.

Sommige van hierdie denkers (kom ons noem hulle die 'evolusioniste') oorra die wetenskap. Die gevolg hiervan is dat hulle dan met groot stelligheid en oortuiging stellings soos die volgende maak: "Die aarde het sy ontstaan uit 'n beginpunt, 'n 'singulariteit', en dit het sedertdien uitgedy tot die onoorsienlike heelal waarvan ons vandag deur middel van die wetenskap bewus is. Die heelal is ongeveer 13.5 miljard jaar oud, en die aarde ongeveer 4.6 miljard jaar. Die 'chemiese sop' wat so teen 1.2 miljoen jaar gelede in die vlak water op die aardoppervlak was het spontaan aanleiding gegee tot die ontstaan van die eerste lewensvorme op aarde. Omtrent drie en 'n half miljoen jaar gelede het *Austra-*

lopethicus regop begin loop, en die eerste moderne mens het ongeveer 40 000 jaar gelede sy opwagting gemaak." Wie geneig is om sulke stellige uitsprake oor die geskiedenis van die skepping en die oorsprong van die mens te maak, oorra meestal die wetenskap. Ons is sedert die 1960's diep onder die indruk van die feit dat die wetenskap uiters feilbaar en voorlopig is, en dat 'n mens dit nie so behoort te oorra nie. Selfs die mees 'vaste' wetenskaplike 'feite' is voorlopig en korrigeerbaar.

Hierdie insig het vir die opvoedkundige belangrike implikasies, veral as daardie opvoedkundige vanuit 'n reformatoriese denkraamwerk probeer werk. Hoewel die kinders tuis en in die skool te doen behoort te kry met die 'feite' van die kosmologie, die geologie, die astronomie, die wiskunde, die biologie en die oudheidkunde (waarvan 'n paar voorbeelde in die vorige paragraaf gegee is), moet hulle sulke 'feite' in terme van 'n reformatoriese denkraamwerk *hervertolk*. Een van die belangrikste korreksies op die stelligheid waarmee die 'evolusionis' hierdie feite aanbied is om dit vir die leerders te verduidelik dat die skepping God se Skeppings-, Wet- en Onderhoudingswoord is, en dat ons – weens die beperktheid van ons wetenskaplike metodes en insig – hierdie vorme van God se Woord nie presies verstaan nie. Ons wetenskaplike bevindings is dus voorlopig en moet in dié lig geleer en vir eksamendoeleindes bemeester word. Ook is dit belangrik om die kinders aan te spoor om self (natuur)wetenskaplikes te gaan word sodat hulle dieper kan gaan delf in God se Skeppings-, Wet- en Onderhoudingswoord en ons sodoende probeer nader bring aan wat God se wil vir sy skepping was.

Ander denkers (kom ons noem hulle 'kreasioniste') oorra weer die Bybel. Die Bybel is God se Skrifgeworde Woord waardeur Hy Hom aan sy volk openbaar, juis omdat ons nie God se Skeppings-, Wet- en Onderhoudingswoord goed kan begryp nie (weens die beperktheid van ons verstande, maar ook weens die ver-

duistering daarvan deur die sonde). Die Skrifwoord openbaar ook aan die gelowige die Vleesgeworde Woord van God, Jesus Christus, deur Wie God die skepping in aansyn gebring het en ook die mens weer met Homself versoen, en herskep, het. *Wie dus natuurwetenskaplike insigte en gegewens uit God se Skrifwoord probeer aflei, oovra die Bybel, aangesien dit nie die doel (skopus) van die Bybel is om wetenskaplike gegewens te verskaf nie. Die Bybel se doel is om die verhouding tussen die skepping (insluitende die mens) en God duidelik te maak. Anders gesê: die Bybel sê vir ons bloot dat God die Skepper, Wetgewer en Onderhouer van die skepping (die mens) is en wat sy verhouding met die skepping en die mens is, en nie hoe die skepping plaasgevind het nie. Dit sou 'n oorraging van die Bybel wees om uit die skeppingsverhale in Genesis wetenskaplike feite oor die hoe van die ontstaan van die skepping af te lei. Dit is die taak van die wetenskap. So vul die verskillende vorme van God se Woord mekaar aan. En, net soos in die geval van die Skeppingswoord (ensovoorts), is ons verstaan van die Skrifgeworde en Vleesgeworde Woord voorlopig en korriëerbaar. Die teologie is net so 'n feilbare wetenskap as enige ander.*

Implikasies vir die opvoeding en onderwys van Christenkinders

Die voorgaande het die volgende implikasies vir die opvoeding en onderwys van ons kinders vanuit reformatoriese perspektief:

1. Onderrig alle leerinhoude soos voorgeskryf (Hersiene Kurrikulumverklaring (2002)) *maar sorg dat dit vanuit reformatoriese denkraamwerk gedoen word.*
2. Elke opvoeder (onderwyser) moet waak teen 'n oorraging van die wetenskap. *Bring dit onder die aandag van die leerders dat elke wetenskaplike uitspraak, insluitende die oor die evolusie in die skepping, voorlopig is en in die toekoms kan verander.*
3. Elke opvoeder (onderwyser) moet ook waak teen 'n oorraging van die Bybel. *Bring dit onder die aandag van die leerders dat dit nie die doel van die Bybel is om as wetenskaplike handboek te dien nie, en dat ons bowendien God se openbaring in die Bybel net so swak ver-*

staan as wat ons sy skeppingsopenbaring deurgrond. Ook hier kan ons insigte in die toekoms verander.

4. Behandel die gesprek tussen die 'evolusioniste' en die 'kreationiste' en wys hoedat hierdie twee benaderings ons nie eintlik help om groter insig en begrip in die ontstaan en wese van die skepping te kry nie. Wys op die skeeftrekkings (oorvragings) in albei.
5. Probeer sorg vir die skryf en publikasie van handboeke waarin die voorgeskrewe leerinhoude vanuit reformatoriese denkraamwerk behandel word.
6. Moedig die leerders aan om 'n studie te maak van kontroversiële leerinhoude soos die evolusieleer (insluitende Darwin se 'natuurlike seleksie'-teorie). Lei hulle om die gebrekkige insigte van die voorstanders van hierdie sieninge te verstaan en om die nodige kritiese afstand vanuit hulle eie reformatoriese lewensbeskouing te kan neem.
7. Moedig hulle aan om verder te gaan studeer as natuurwetenskaplikes en as onderwysers sodat hulle die grense van die wetenskap kan verskuif met beter insigte. Moedig hulle aan om ook teoloë te word sodat hulle kan help met die beter verstaan van God se Skrifwoord.

'n Praktiese illustrasie van voorgaande vir die klaskamer

Dit is goed en wel om die voorgaande te skryf en in teorie onder die knie te kry. Maar wat beteken dit in die praktyk vir die onderwyser? Kom ons illustreer met 'n voorbeeld.

Die onderwyser stel aan die begin van 'n les die volgende vraag aan die leerders: 'Stam jy van die ape af?' 'n Mens kan jou voorstel dat daar, in 'n klas vol Christenkinders, 'n koor van 'nee!'-stemme sal opgaan, maar dat daar ook een of twee sal wees wat sal sê 'ja, maar...'. Hiermee is die ideale beginsituasie geskep vir die kritiese bestudering van die evolusionisme of evolusieleer of evolusie in die skepping as tema. (Dit spreek vanself dat die hele les nie hier uitgeskryf kan word nie, daarom word slegs die hoof-treke van die voorgestelde lesplan van die onderwyser gegee.)

Die onderwyser kan in die les die volgende stappe met sy/haar leerders volg:

1. *Wat sê die verskillende natuurwetenskappe vir ons van die oorsprong van die mens? [In die konteks van uitkomsgebaseerde onderwys word die leerders nou na die biblioteek, ander boeke, deskundiges, die internet en dies meer gestuur om vas te stel wat die antropologie, die fossielrekord, die paleontologie en dies meer aangaande die oorsprong van die mens sê. 'n Mens kan verwag dat hulle uit hierdie bronne sal vasstel dat die mens ontstaan het uit die een of ander ongedifferensieerde oersel, wat daarna ontwikkel het deur verskillende fases totdat die eerste soogdiere 70 miljoen jaar gelede verskyn het. Die eerste ape het ongeveer 30 miljoen jaar gelede hulle opwagting gemaak, die eerste regoplopende 'mens' (*Australopethicus*) so teen 4 miljoen jaar gelede, en dan was daar allerhande ontwikkelinge tot by die moderne mens (*Homo sapiens sapiens*) so 50 000 jaar gelede.]*
2. *Wat sê die Bybel vir ons van die oorsprong van die mens? [In die normale gang van uitkomsgebaseerde onderwys in die openbare skole in ons land sal hierdie nie meer 'n vanselfsprekende vraag wees nie. Christenonderwysers sal egter geleenthede skep om ook hierdie vraag te stel, mits hulle deur die skoolbestuur en die beheerliggaam toegelaat word om dit te doen. Kom ons veronderstel dat die vraag wel aan die leerders gestel mag word. Die leerders sal, na hulle ondersoek, terugkom met Skrifgewens oor die mens soos opgeteken in byvoorbeeld Pss. 8 en 139: die mens is deur God geskep, na sy beeld, en as die kroon van die skepping, ensovoorts.]*
3. *Dit lyk nou asof die wetenskap en die Bybel vir ons verskillende dinge aangaande die oorsprong van die 'mens sê? Watter gegewens moet ons aanvaar? Watter bron van gegewens is die aanvaarbaarste? [Na hulle ondersoek sal die leerders waarskynlik met een van twee standpunte terugkom: (a) die wetenskap is die betroubaarste aangesien dit met getoetste en gekontroleerde metodes werk en die gegewens*

Vervolg op bl 10

oor en oor gekontroleer is. (b) die Bybel is die betroubaarste aangesien dit die Woord van God is, en God openbaar altyd die waarheid aan ons.]

4. *Hoe presies werk die (natuur)-wetenskap?* [Laat die leerders ondersoek gaan instel na die doel en die metodes van die (natuur)wetenskap. Behandel so 'n bietjie elementêre 'wetenskapsleer' met die leerders. Laat hulle veral let op die beperkings en die voorlopigheid van die bevindinge van die wetenskap.]
5. *Waf is die doel van die Bybel, en hoe meet ons die Bybellees en verstaan?* [Laat die leerders op 'n elementere manier ondersoek instel na die hermeneutiek (verklaring) en eksegetiese (uitleg) van Bybelgegewens. Hulle moet ook ondersoek instel na die verskil tussen die letterlike verstaan van Bybelgegewens, en 'n meer perspektiewiese verstaan daarvan.]
6. *Is die mens se verstand onfeilbaar? Is ons verstaan van die skepping deur die wetenskap, en ons verstaan van Bybelgegewens onfeilbaar?* [Lei die leerders om die voorlopigheid en toekomstige korrigeerbaarheid van ons verstaan van sowel die natuur (skepping) as die Bybel raak te sien. Wys op die gevolge van die sonde in die skepping en vir die mens.]
7. *Hoekom, dan, bots die gegewens wat ons aangaande die oorsprong van die mens uit die wetenskap gekry het met die wat ons in die Bybel gekry het?* [Lei die leerders om te verstaan dat ons, weens die beperktheid van ons verstande en begrip, nie een van die openbarings van God se Woord ten volle kan verstaan nie, en dat ons steeds moet studeer om beter te verstaan. Solank daar skynbare weersprekinge is, is dit tekens dat ons nie goed verstaan nie! Help die leerders om in te sien dat die wetenskap en die Bybel verskillende doelstellings het, maar dat hulle bymekaar aansluit – al verstaan ons die aansluiting nie altyd presies of korrek nie.]
8. *Dus: wat is dan die oorsprong van die mens?* [Help die leerders om te verstaan dat die bestaande wetenskaplike teorieë oor die oorsprong van die

mens wel moontlik goeie verklarings kan wees – maar dat daar nog baie spekulasie, gappings, vaaghede en onbewese veronderstellings in die teorieë is. Help hulle ook om te verstaan dat, hoewel die Bybel nie 'n wetenskaplike uiteensetting gee van die oorsprong van die mens nie, daar tog perspektiewe in die Bybel is wat aansluiting vind by die bestaande wetenskaplike teorieë. Behandel as voorbeeld van so 'n aansluiting 1 Korintiërs 4:47: 'Die eerste mens is uit die aarde en stoflik'. Hier sê die Bybel vir ons die mens is 'goikos' (Grieks) – stoflik of 'stowwerig'. Die mens is uit die aarde gebore, sê die Bybel (Ps 139:15; Job 1:21). Wys die leerders dan daarop dat die Bybel ons meedeel dat God die ander wesens geskep of gemaak het, maar die mens gevorm het (let op die verskillende werkwoorde in Gen 1:27 (geskep) en Gen 2:7 (gevorm)). Laasgenoemde werkwoord beteken, volgens sommige Bybelverklaarders, dat God die mens oor 'n lang tyd met groot sorg en toewyding tot stand gebring het. Dit is net moontlik dat die wetenskap vir ons sê hoe lank hierdie tyd kon gewees het.]

9. Dit is belangrik dat die onderwyser aan die einde van die les twee dinge vir die leerders moet onderstreep: (a) *Ons uitleg van die werkwoord 'gevorm' in Gen 2:7 mag verkeerd wees – ons mag in die toekoms nuwe inligting oor die presiese betekenis van die woord kry.* (b) *Die wetenskaplike bevindinge oor die lang tyd van die ontstaan van die mens is net so voorlopig en mag hopeloos verkeerd wees. Dié bevindinge en teorieë kan ook in die toekoms gekorrigeer word.*

Ten slotte

Hierdie lesskema toon dat Christenonderwysers en -ouers letterlik enige leerinhoud, ook dié voorgeskryf in die Hersiene Kurrikulumverklaring (2002) aan die kinders kan onderrig, mits dit op opvoedkundig-verantwoorde manier en ooreenkomstig 'n Bybelsgefundeerde lewensbeskouwlike grondslag gedoen word. In beginsel is geen leerinhoud vir die Christen buite perke

nie: geslagsopvoeding, seksopvoeding, dwelmmisbruik, HIV/VIGS en die gebruik van kondome, gaywees, en noem maar op, kan vanuit hierdie perspektief behandel word. Dit kan nie opvoedkundig geregverdig word dat sommige natuurwetenskaplikes, teoloë of opvoedkundiges evolusie / evolusionisme / die evolusieleer wil vermy of weglaat, of poog om God se Skeppings-, Wets- en Onderhoudingswoord teen God se Skrif- en Vleesgeworde Woord (soos in die Bybel geopenbaar) af te speel nie. Daar is 'n – tans nog vir ons verborge – kongruensie (ooreenstemming) tussen al hierdie vorme van die Woord van God – en ons moet die leerders aanmoedig om te bly studeer en navorsing te doen ten einde hierdie kongruensie te kan 'ontdek' en te verstaan. Al die gestaltes van God se Woord het net een boodskap – en ons moet ons daarop toelê om die boodskap al beter te verstaan.



Boeke

Uit Stellenbosch berig ds Hennie van Rensburg, Oud-hoofbestuurslid, soos volg:

“Baie dankie vir die jongste uitgawe van *Roeping en Riglyne* met baie interessante en tydige artikels, veral vir die positiewe standpunt teenoor die evolusie hipotese.

Graag bring ek onder u aandag dat drie besonder insiggewende boeke van die hand van Jonathan Sarfasti, PhD, onlangs verskyn het:

Refuting Evolution

Refuting Evolution 2

Refuting Compromise

Die boeke is verkrygbaar by *Answers in Genesis*, Posbus 3349, Durbanville 7551, waar dr Johan Kruger in beheer is.”

Redaksionele nota: Ds Van Rensburg is lid van 'n studiegroep te Stellenbosch, wat die skeppingsleer huldig, en sy telefoonnr is 021- 883 8234.

Faktore wat die nasionale en privaatonderwys se lewensvatbaarheid in 2004+ sal bepaal

(Deel 2)

- Dr Chris L. Jordaan


(Referaat gelewer te Pretoria-seminaar op 27 April 2004)

Toekomsanalise

Gister
1994

Vandag
2003

More
2010



Eise van die tyd

Die veranderinge wat in die volgende tien jaar Suidelike Afrika gaan tref sal van buite Suid-Afrika gerig word. Die eise van die tyd is die grootste enkele denksprong en kultuursprong wat in 200 jaar van die post-industriële tyd gemaak word. Dit sal die wêreld wees waarin die Afrikanerkind homself sal moet handhaaf. Sal die Christelik-volkseie onderwysstelsels (CVOOS) hierdie kind van die nodige waardes, vermoëns en vaardighede kan voorsien om binne 5 tot 10 jaar hulself in die geglobaliseerde wêreld te kan handhaaf?

'n Wêreldwye tekort aan opgeleide onderwysers het reeds internasionale gevolge. Die Verenigde Koninkryk het reeds 'n tekort aan 5 miljoen onderwysers vir 2010, en die meeste sal uit ander lande soos Suid-Afrika getrek word. 'n Plaaslike tekort van 30 000 onderwysers bestaan reeds, en slegs 18 000 van die moontlike 22 000 sal aanvanklik in die onderwys 'n heenkome vind. Die meeste blanke

Indien die CVOOS vir die Afrikanerleerling en -student hierin kan voorsien, kan dit vroegtijdig die inhoud en rigting van Afrikaneronderwys bepaal, voordat ander instansies buite die Afrikanerkultuur om, die voortou begin neem. Die erns van hierdie saak kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Aksie en voorkomende strategiëe mag nie meer uitgestel word nie.

onderwysers sal ten spyte van die beleid van "diensplig" hul pad na die buiteland vind. Daarbenewens is daar teen 2010 geen Christelike onderwysopleiding vir Christelike skole moontlik nie. Die globalisering van die onderwysprofessie deur wêreldwye tekort en gebrek aan kundigheid en ervaring dui reeds op die opkoms van e-skole en e-grade weens internet toegang.

Die huidige analise dui daarop dat nie een van die instellinge die vermoë of gerigtheid het om hierdie situasie die hoof te kan bied nie.

Daarby moet gevoeg word dat die Staatsonderwysstelsel reeds besig is om te misluk. Verskillende aanduidings wys daarop dat Afrikanerouers dringend na alternatiewe onderwysstelsels begin soek. Sal die CVOOS hierdie alternatief kan wees?

Die eise van die tyd dwing ons om ter wille van die toekoms van die Afrikanerjeug buite die bestaande onderwysstelsels te dink en die nodige alternatief te ontwikkel. Wat van belang is, is of die CVOOS oor die kundigheid, intelligensie en vermoëns beskik om so 'n totaal nuwe benadering te ontwikkel en daaraan beslag te gee?

Toekomspektief

- Die onderwysstelsel van die toekoms behoort aan 'n paar belangrike vereistes te voldoen. Die vereistes kan rigtinggewend wees vir inhoud, bestuur en befondsing van 'n CVOOS. Voorbeelde van hierdie opleiding bestaan reeds deur "e-Degree" wat 'n wye reeks sertifikate, diplomas,

en graadkursusse in venootskap met verskeie buitelandse en Suid-Afrikaanse onderriginstellings.

Die vereistes is kan soos volg wees:

- dit moet die Afrikanerjeug voorberei vir die eise van die 21ste eeu, nie die agtiende eeu nie;
- dit moet toeganklik wees vir elke Afrikanerkind, selfs tot in die diepplatteland en transnasionaal. Met die koms van die internet na SA in 1993 was dit die snelgroeiendste bedryf en het 'n kommunikasie en inligtingsnetwerk geskep wat wêreldwyd werk;
- dit moet ekonomies haalbaar wees deur met suiwer ekonomiese beginsels bestuur te word nl. doelgerig, doelmatig en ekonomies met finansiële volhoubaarheid;
- dit moet die godsdiens en kultuur van die Afrikanervolk dra in 'n tyd van globalisering en lokalisering dws hoe groter die wêreldinvloed word hoe belangriker word die plaaslike waardes en kultuureiensdomlike;
- die skoolindeksamen moet aan internasionale standaarde voldoen om die Afrikanerkind toegang tot die beste Europese en VSA tegnologie en akademiese instelling te bied en nie net aan plaaslike 'SAQA (South African Qualification Authority)' en onderwysstandaarde nie;
- die onderwysstelsiem moet 'n aantreklike alternatief bied vir Afrikanerouers wat hul kinders binne die Gereformeerde-protestantse (Bybels-Christelike) lewens en wêreldbeskouing wil oplei en opvoed; en
- die onderwysers wat opgelei word moet hierdie potensiaal kan oordra en uitbou in die akademiese ontwikkeling van die Afrikanerkind en moet so 'n stelsiem ook onderwysers oplei om aan die gelykwaardige internasionale vereistes te voldoen.

Aksieplan

- Vir die VCHO mag die volgende aksiestappe noodsaaklik wees om te kan oorweeg indien die ge-

noemde faktore tydig teëgewerk moet word:

- die indentifisering van die noodsaaklike rolspelers in die omgewing van opvoeding, onderwys en opleiding;
- hou 'n strategiese sessie met die rolspelers om die huidige situasie duidelik en in perspektief te ontlee en 'n 21ste eeu-perspektief te ontwikkel;
- bepaal en beoordeel die mees moderne metodes en tegnologie vir die ontwikkeling van e-onderwys en opleiding (internetgedrewe);
- stel 'n doelgerigte, doelmatige en ekonomiesgedrewe besigheidsplan op om 'n finansiële selfonderhoudende en ekonomies volhoubare CVOOS daar te stel;
- ontwikkel programme om huidige personeel en instruktors tot die bestuur en bedryf van Leerlingondersteuningsentrums waar e-onderwys op 'n persoonlike grondslag bedryf word;
- voorsien 'n steundiens vir onderwysers en leerlinge deur internasionaal erkende en geakkrediteerde matrikulasie en universiteits-, kollege- en instituut-toelating.
- stel 'n program vas vir die herstrukturering van bestaande opleidingstrukture na 'n e-sistiem; en
- vestig 'n e-studie en e-grad opleidingstelsiem vir Volkseie-onderwys en opvoeding.

Indien CVOOS vir die Afrikanerleerling en student in werking gestel word kan dit vroegtydig die inhoud en rigting van Afrikaneronderwys bepaal voordat ander instansies buite die Afrikanerkultuur om, die voortou begin neem. Die erns van hierdie saak kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Aksie en voorkomende strategieë mag nie meer uitgestel word nie.

“Die werke van die Here is groot; nagespeur word hulle deur almal wat daar 'n welbehag in het.”

Psalm 111: 2, 33/53-Bybelvertaling.

Hoofbestuurslede herkies:



Prof R Maré



Prof EJ van Niekerk



Mnr S le Cornu

Aanstelling by VCHO



Mnr NR Vorster

Kantooruus

- HJ Hayes

1. Inleiding

Die Vereniging se werksaamhede vir die jaar 2004 was ondermeer daarop gefokus om (i) die uitwerking van nasionale wetgewing van die voorafgaande jare te bestudeer en die moontlikhede, indien enige, vir Christelike onderwys in die openbare onderwysbestel te ondersoek, en (ii) te bepaal tot watter mate die invloed van die heidendom die Afrikaner-huisgesin reeds binnegedring het, en wat gedoen moet word om die bedreiging daarvan die hoof te bied. Hierdie sake is tydens 'n seminaar en 'n kongres wat gedurende die jaar deur die Vereniging aangebied is, bespreek.

1.1 Seminaar: 27 April

Die **tema** hiervan was: "Christelike onderwys na 2004 – wat kan nog daarvan teregkom?"

Samevatting

Die seminaar het in twee dele uiteengeval. In die eerste deel daarvan, is deur mnr Leendert van Oostrum, 'n evaluering van die heersende stande van sake in die onderwys gedoen, na aanleiding van die wysigingswet op onderwys van 2002, gedoen. 'n Voordrag wat direkte aansluiting hierby gevind het, was dié deur mnr Sarel van der Merwe, oor die intergeloofskaping van godsdiens in die onderwys. In die tweede deel is 'n voordrag deur dr Chris L Jordaan gelewer, waarin die faktore wat die nasionale en privaatonderwys se lewensvatbaarheid in 2004 plus sal bepaal, behandel. Die posisie van die bestaande Christelike onderwysstelsens, as 'n laaste vesting, is in oënskou geneem, en oplossings vir die bestending van Christelike onderwys beredeneer. Ds Wickus Buys het, in aansluiting hierby, betekenisvolle mededelings oor wat deur ARSO gedoen word om Christelike onderwys te bevorder, gedoen.

Probleemstelling

Daar is aangetoon dat onderwysstelsens wat hedendaags deur die staat bedryf word, wêreldwyd besig is om te verval, selfs in ontwikkelende lande soos Amerika en Engeland, wat voortdurende onsta-

biliteit tot gevolg het. In Suid-Afrika is dit eweneens so, met vreemdelinge wat bepaal hoe die onderwys vir Christen-Afrikanerkinders gestruktureer moet word. Terwyl dit die bedoeling met die grondwet is dat ouers wat nie van openbare onderwys gebruik wil maak nie, die vryheid moet hê om 'n keuse vir privaat of tuisonderwys uit te oefen, word daardie vryheid deur nuwe wetgewing ingeperk, omdat die staat die onderwys oor die totale spektrum wil beheer, in stryd met die grondwet. Nuwe wetgewing wil privaat- en tuisskole na alternatiewe afleweringspunte vir staatsonderwys omvorm. Daardeur word dwang opgelê dat dieselfde onderwys as vir vir openbare skole in privaat- en tuisskole aanvaar moet word. Dit is sowel ongrondwetlik as strydig met internasionale reg.

Afrikaanse skole is besig om te verdwyn vanweë die toepassing van diskriminerende maatreëls, deurdat dit na dubbelmediumskole omskep word, waarna, ter wille van die vermindering van die bykomende werklading en ontoereikende hulpbronne, daar na Engelsmediumskole oorgeskakel word.

Met verwysing na veral twee dokumente is aangevoer dat die onderwys gebruik word om die rewolusionêre oogmerke van die staat te bevorder. Dit staan as die *Strategy and tactics* en *Balance of forces* dokumente bekend. Die dokumente maak dit duidelik dat die onderwys in 'n staat van ideologiese oorlogvoering verkeer. Rewolusie is per definisie konflik, met die doel om te radikaliseer. Die ideologiese stryd word in wese vanuit 'n magsentrum gevoer, waarin daar ondermeer op die onderwysinhoude gekonsentreer word. Daarin word sake soos kultuur en die kunste, godsdiens en tradisie, onderwys en navorsing as elemente van die ideologiese stryd betrek. Dit wat voortgebring word, moet die glorie van die rewolusie verkondig, in stryd met ons Christelike lewensooruiging, waarvolgens God Drie-enig verheerlik moet word.

Die Wysigingswet op Onderwyswette van 2002 het ten doel om die

oogmerke van die staat, soos in verskeie ander wette vervat, byeen te bring, met die doel om nie slegs die onderwysinhoude te bepaal nie, maar ook voor te skryf watter waardes uitgeleef moet word. Vir hierdie doel moet daar een en dieselfde nasionale assessering- en eksamineringstelsens wees, waarby openbare, asook privaat- en tuisskole inbegrepe is. Die kwalifikasies wat verwerf word moet aan die staat se vereistes voldoen, om enigsins toegang tot verdere studie te kan verkry. So moet verseker word dat aan die ideologiese uitkomstevoldoen word.

Die gevolge van hierdie staatsbeheerde onderwys moet wees dat godsdiensverskille, die historiese verskille tussen ras en kultuur, verskille tussen openbare en privaat- en tuisskole en tussen Christelike en sekondêre skole uitgewis word, sodat daar nie meer identifikasie in terme van godsdiens, kultuur en taal kan plaasvind nie. Herinner dit nie sterk aan die kommunistiese model nie? Dit word derhalwe verklaar: "The new racism is no longer biological, but national and cultural", en die definisie van "cultural" sluit godsdiens in.

Onderdrukkende wetgewing kanselleer nie net stelselmatig die moontlikhede vir Christelike opvoeding en onderwys nie, maar daar word inbreuk gemaak word op godsdiensige sowel as persoonlike vryheid.

Strategie

Die voorgestelde oplossings is tweërlei van aard, waarvan die eerste weliswaar as negatief, maar tog goorloof, bestempel kan word. Dit behels geestelike verset, soos wat die apostel Paulus dit ook aangewend het, deur van die beskikbare instrumente gebruik te maak, toe hy uitgeroep het: "Ek beroep my op die keiser." Die remedies wat die staatsbestel bied, moet eers uitgeput word. Die eerste hiervan is die regmatige gebruikmaking van die howe. Die tweede oplossing in positiewe sin, is soos deur dr Jordaan in sy voordrag

Vervolg op bl 14

uiteengesit. Dié voordrag is in twee aflewerings geplaas waarvan die tweede, waarin die moontlike oplossing aangebied word, op bladsy 11 van hierdie uitgawe verskyn.

Ons verneem graag ons lesers se standpunte hieroor.

1.2 Kongres: 21 Augustus

Die **tema** hiervan was: “Die Afrikaner-huisgesin en die krisis van die heidendom”, waartydens veral gefokus was op die voorkoms van die krisis in die Christelike gesin, waar die oplossing gesoek moet word en hoe die krisis in die praktyk beredder moet word.

Samevatting

In die eerste deel daarvan verskaf ds Theo Danzfuss ’n oorsigtelike perspektief oor die indringing van heidense gebruike en praktyke in die samelewing, waarvan Christenhuise nie gevrywaar is nie, en mnr Sarel van der Merwe sluit daarby aan met sy aanbieding, waarin veral op die probleem van die homoseksualisme gefokus word. Die tweede deel was daarop gerig om praktiese leiding vanuit die Skrif te gee oor die inrigting van die huisgesin, sodat dit aan sy doel kan beantwoord. Rigtinggewende voordragte hieroor is deur dr Jannie Malan oor die vader se begeleidende taak, Dr Irmhild Horn oor die moeder en moraliteit, en Schalk Strauss en Mareike Schutte van die Afrikaanse Protestantse Akademie, oor opvoeding tot huwelikspelig, gelewer. Die bekamping van die bedreiging setel daarin dat die gesinslede hulle onderskeie pligte en verantwoordelikhede reg sal begryp en daaraan gevolg gee, in die lig van die Here se bedoeling met die huisgesin as ’n kerneenheid vir die samelewing, wat opgebou en toegerus moet wees om Hom te verheerlik.

Evaluering

[Dr Sampie van Vuuren se uitstekende evaluering van die kongres verskyn op bladsy 5 van hierdie uitgawe. Die volledige referate op skrif kan van die kantoor bekom word teen R30 per bundel.](#)

Verkiesing: Hoofbestuur

[Proff. EJ van Niekerk \(Pretoria\), R Marè \(Pretoria\) en mnr S le Cornu \(Potchefstroom\), van wie die diens-termyne by hierdie kongres verstryk](#)

het, was herkiesbaar, en is vir die volgende termyn verkies. Ons verwelkom hulle terug in die geleedere van die Hoofbestuur en vertrou dat daar vir hulle ’n geseënde nuwe termyn voorlê. Die volledige samestelling van die Hoofbestuur vind u op die agterblad.

2. Gedenkblad

[Die gedenkblad oor die 50-jarige bestaan van ons Vereniging is tans in druk en word in die loop van Desember verwag. Daarin word verskillende fasette van die bestaan daarvan uitgelig, wat wissel van die ontstaansgeskiedenis tot die verhoudinge na buite, wat uiters insiggewende en interessante mededelings van medewerkers bevat. Die gedenkblad is bestem om ’n beeld van die Vereniging in sy verskillende geleidinge te verskaf, in sy doelstrewes na die bevordering van ’n Christelike samelewing. Van die geleenthede wat die Vereniging gebied was om daaraan uitvoering te kon gee, is wel deeglik gebruik gemaak. Onderwysgebeure gedurende die tydperk onder bespreking, het ’n besliste invloed uitgeoefen, wat Christelike onderwys en wetenskap in bepaalde opsigte ten goede gekom het. In ander opsigte was daar weer faktore wat verhinder het dat die Vereniging sy doelstellings volledig kon verwesenlik. Daar word onder meer op die implikasies van die verhouding met die kerk en die universiteit, sover dit die bevordering van Christelike onderwys en wetenskap betref, ingegaan, aangesien daar vanuit hierdie twee verbande \(kerklik/ universitêr\) ’n kragtige stimulus tot die vestiging van ’n Christelike samelewing kan uitgaan.](#)

Vir enige organisasie dien dit ’n goeie doel om van tyd tot tyd bestekopname te neem. Die Vereniging sal daaraan getoets word of hy enduit aan sy missie getrou gebly het. Daartoe kan die gedenkblad as ’n ideale evalueringinstrument dien.


Die gedenkblad kan teen slegs R50 per eksemplaar van die VCHO-kantoor bekom word, danksy individuele borge.

Die telefoonnr. vir navrae oor die kongresbundel en gedenkblad is 051- 448 9160.

3. Mnr NR (Niek) Vorster

Mnr Vorster is met ingang van 18 Junie 2004 op ’n kontrakbasis aan-

gestel om ondersoek in te stel na en die Hoofbestuur van advies te dien oor die produktiewe aanwending van die Vereniging se eiendomme, met die oog op optimalisering, ten einde die hoogs moontlike kapitaalgroei enersyds en inkomstegenering andersyds, te behaal. Die bestuur gee tans aandag aan voorgestelde ontwikkelingsmoontlikhede waarin mnr Vorster se kundigheid en onder-vinding deeglik benut word. Ekonomiese realiteite dwing die bestuur om deurlopend nuwe hulpbronne te ondersoek, sodat broodnodige fondse steeds beskikbaar gemaak kan word om die Vereniging in staat te stel om met die uitvoering van die doelstrewes, te wete die bevordering van Christelike onderwys, te kan voortgaan. Die onderwysituasie in Suid-Afrika maak die bestaan van ’n organisasie soos die VCHO in die heersende tydsomstandighede des te meer relevant, en daar lê groot werk voor. Wanneer die ontnugtering met die sekulêre openbare onderwysbestel aan die oppervlak gekom het, gaan daar teruggegryp word na Christelike onderwys. Die VCHO wil sy verantwoordelikheid in hierdie opsig nakom. Eiendomsontwikkeling is maar een van die inisiatiewe wat daarop gerig is om die oorhoofse onderwys-doelstelling te verwe-senlik.

Dis mnr Vorster se beskeie mening dat die kennis en ervaring waaroor hy beskik veel nuttiger aangewend kan word in belang van die Ewige Koninkryk en van ons volk. Sy kennis en ervaring is nie slegs tot sy professie beperk nie. Sedert 1963, toe hy vir die eerste keer kennis gemaak het met die Christelike wysbegeerte, het die studie van die Calvinistiese Reformasie hom toenemend interesseer. Synde ’n Calvinis van oortuiging is dit nie maklik om oor homself en sy deugde te praat (skryf) nie, soos hy dit stel. Ons bely juis saam dat alles, ook deugde, slegs genade Gods is. Tesame met die eiendomsportefeulje is hy ook by werwing betrek. 

“Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors –”
[Jesaja 9: 5, 33/53-Bybelvertaling.](#)



Tannie Aletta

Dagsê Maats,

Dit is sowaar so! Ons staan alweer einde se kant toe – die vakansie is in sig! – vir party van julle is dit seker al klaar vakansie!

Wat gaan jy dié vakansie doen! Miskien gaan jy saam met jou ouers na 'n plekkie by die see; miskien bly jy sommer net by die huis, gaan stap ente in die veld of ry met jou perd rond; lees 'n boek, of gaan stap saam met 'n maat – wat jy ookal gaan doen die vakansie, maat, maak elke dag tyd om Jesus te ontmoet en met Hom te praat, want Hy praat tog immers met ons, en dit deur die Skrif.

Maats, 'n klein seuntjie het eendag saam met sy moeder na 'n Paderewski-konsert gegaan. Sy moeder wou dit as 'n aansporing tot sy vordering met sy eie klavierlesse benut. Nadat hulle hul sitplekke ingeneem het, het sy moeder 'n ou vriendin in die gehoor raakgesien. Sy het opgestaan om haar te gaan groet. Die seuntjie het van die geleentheid gebruik gemaak om al die vertrekke van die konsertgebou te ondersoek. Onbewus het hy by 'n deur ingegaan waarop gestaan het: "GEEN TOEGANG."

Die ligte van die konsertsaal is verdof. Die konsert was op die punt om te begin; die moeder het na haar sitplek teruggekeer en gemerk dat die seun op sy plek was nie. Skielik het die verhoog se gordyne oopgegaan. 'n Ligkol het die imposante Steinway-vleuelklavier verlig. Beangs het die moeder gesien hoedat haar seun by die klavier gaan sit en heel argeloos – met een vinger – *Twinkle, Twinkle Little Star* begin speel. Op daardie oomblik het die befaamde pianis binnegekom en vinnig na die klavier geloop. Hy fluister toe in die seun se oor: "Moenie ophou nie. Hou aan speel." Paderewski het vorentoe gebuig en met sy linkerhand 'n begeleidende bas begin speel. Al gou het hy na die regterkant van die seun beweeg, waar hy 'n obliagaat daarby gevoeg het. So het die ou meester en die jong beginnertjie 'n situasie wat in 'n fiasko kon ontwikkel in 'n aangrypende uitvoering verander. Die gehoor was so in vervoering dat hulle nie veel van die konsert kon onthou nie, maar wel die klassieke stukkie *Twinkle, Twinkle Little Star*.

Miskien illustreer dit óók hoe dit met ons gesteld is. Wat ons uit eie krag probeer bereik, is nie juis noemenswaardig nie. Ons doen ons bes, hoewel die resultate nie altyd juis grasiëus-vloeiende musiek voortbring, soos wat dit eintlik behoort te wees nie. Maar met ons hand in die hand van die Here, kan die take wat ons

DIE JONGSPAN

aanpak werklik tot iets kom. Maats, wanneer julle besig is met die vervulling van julle lewenstaak (roeping) en dalk soms moedeloos wil word, onthou dan dat die Skrifwoord ons aanmoedig om volhardend daarmee besig te bly: "Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor" (1 Tim. 4:16, 1933/53 Bybelvertaling). So word ons eie powere pogings betekenisvol in Koninkryksperspektief.

'n Gedagte
Ek dink graag aan die natuur as 'n groot uitsaaisentrum van waar God elke uur met ons praat.
Al wat ons moet doen, is om in te skakel en te luister.

Kopkrapper
Hoe word Jesus se persoon in die Hebreërbok beskryf?
Hebreërs 13:8 bied die antwoord

Hoe glansryk is U skepping!
In 1619 publiseer Johannes Kepler, die beroemde Duitse astronoom, sy boek, *Harmonices mundi*, waarin hy onder meer die derde wet van planetêre beweging verduidelik. Aan die einde van hierdie werk skryf hy dié gebed waarin hy uitdrukking gee aan die verhouding tussen sy wetenskaplike werk en sy persoonlike geloof in die Skepper van alles:

Dit, dan, o Goddelike Skepper,
is wat ek die wêreld wou wys van u werke.
Nou hef ek my oë op van die teoretiese sinne en sketse in hierdie boek, en hef my hande en my hart op na U, die Vader van die ligte, in stille aan bidding en nederigheid.

O Skepper, onbeskryflik groot,
ek dank U dat U deur die lig van my geringe insig van u skepping my verlange aanwakker na die lig van u genade.

Lei ons, u skepsels, met u lig na die heerlijkheid van 'n lewe by U.
Ek dank U, Skepper-God, dat U in my hart vreugde opwek by die aanskoue van u manjifieke werke in die natuur.

Dankie vir die verwondering wat ek mag smaak
hoe meer ek wys word van die werke van u hande ...

En nou, Here, dra ek hierdie boek aan U op.
Hierin het ek al die intellektuele kragte gestort waarmee U my begenadig het.
Ek het na die beste van my vermoë die prag en grootsheid, die harmonie en balans van u skepping

probeer verduidelik aan hulle wat hierdie boek sal lees. Ja, soveel soos my eindige menslike verstand daarvan kon begryp - en dit is maar 'n baie klein gedeelte - want u werk is oneindig in glorie en majesteit.

Mag die mense wat hier lees, ook hulle harte in verwondering tot U ophef.


Bybelblok

Dwars:

1. Reg in die aanhef van die Kolossense brief sê hierdie woord al wie se gemeente dit is.
2. In 2:23 hoor ons leerstellings met 'n skyn van wysheid. Dit word ontmasker as danige nederigheid en ... beheersing van die liggaam. Gebruik slegs die laaste deel van die woord en vind dat die betekenis nie veel verander nie.
3. Enkelvoud van die hemelse wese in 2:18.

Af:

1. In Kolossense lees ons wonderlike dinge oor die doop. Vind hierdie gedeelte en leer dat 'n dopeling as 't ware saam met Christus is.
2. In Kol.1:11 lees ons van die ... wat God beskik. By ons mense is dit eintlik die teenoorgestelde.
3. Die woord word in die brief gevolg deur: "...wat misleidend is ..."
4. Die geheimenis vir die nasies word beskryf as heerlijk en ...
7. Skryf 3:15 oor in die enkelvoud: "...God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe".
8. Die slawe ontvang die volgende raad: "Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word nie." Watter gesindheid moet hulle teenoor die Here hê?
9. Die dokter wat groete stuur.
10. Eerste woord van 3:25



Ons groet Lyzette

- HJ Hayes

Dr Lyzette Hoffman, wat in Januarie 2003 diens aanvaar het, het besluit om haar meer op navorsing toe te lê, en derhalwe 'n betrekking te aanvaar wat haar die geleentheid daartoe bied. Lyzette het einde September vanjaar die VCHO se diens verlaat. Tans is sy gemoeid met die verskyning van publikasies van 'n sielkundige aard aan 'n tersiêre instelling.

In die byna twee jaar wat sy aan die VCHO verbode was het Lyzette, benewens die administratiewe verantwoordelikhede, vrywilliglik 'n bydrae tot meer as net die nakoming van haar gewone werkverpligtinge gelewer. Haar werkhoud by die Vereniging was divers van aard – van die instandhouding van die lede-databasis tot die prosessering van debietorders – sleuteltake waarsonder daar nie na behore gefunksioneer sal kan word nie; om nie

eens van die byna daaglikse groot volume woordverwerking melding te maak nie. Tog moet van Lyzette verklaar word dat sy steeds bereid was om ook nog met bykomende take behulpsaam te wees. Daardeur het sy 'n aandeel in vele van die ander werksfasette gehad, wat haar in 'n baie kort tydspan met die Vereniging vertrouwd gemaak het.

Van die besondere eienskappe waarvoor Lyzette beskik is haar gemaklike skakeling met mense. Besoekers aan die Vereniging het by haar aangemeld en haar vriendelikheid en hulpvaardigheid het waardering ontlok. Sy slaag ook goed daarin om geleenthede georganiseer te kry, wat binne die opset van die Vereniging van groot waarde is. Dit het die reël van seminare en kongresse en van die ontvangs van belangrike besoekers baie vergemaklik. 'n Volgende is dat sy oor die vermoë beskik om die werklading in



die organisasie te egaliseer, sodat dit gladweg verloop. En so kan ons voortgaan ...

Waarvoor Lyzette egter veral onthou sal word is die feit dat sy die Christelike getuienis betreffende die onderwys en opvoeding met blymoedigheid help uitdra het, en so óók by die VCHO besig was met die vervulling van haar lewensroeping. Ons is dankbaar vir die belangrike bydrae wat sy hier gelewer het en ons bedee is dat daar ryke seën op haar toekomstpad mag wees.

Intekening op die gedenkblad:

Ek.....van die volgende adres, teken hiermee in op die VCHO gedenkblad:

.....
waarvoor die bedrag/ bewys van inbetaling van R50 ingesluit is.

Geteken:..... Pos aan Die VCHO, Posbus 1824, BLOEMFONTEIN

Die redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met die standpunte van outeurs in artikels wat in hierdie tydskrif verskyn nie.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERN REDAKSIE: Prof OA Henning,
Prof AWG Raath, Prof DFM Strauss
MEDEWERKERS: Mnr HJ Hayes en dr
L Hoffman



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Mnr. S le Comu (Potchefstroom),
Prof PH Stoker (Potchefstroom, Onder-
voorsitter), Ds G van Heerden (De
Deur), Prof R Marè (Pretoria), Dr IH
Horn (Pretoria), Ds G Opperman
(Sannieshof), Dr HG Stoker (Pretoria),
Prof EJ van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brak-
pan), Ds FJ van der Merwe (Koster),
Dr JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes